# TB-MEDIKASIE VIR KINDERS:

## MAKLIKE DOSISGIDS

### IN 3 MAKLIKE STAPPE

## ! JY SAL KRY

RHZ (75/50/150) en Ethambutol (400mg)

**RHZ** (75/50/150)

Rifampicin + Isoniazid + Pyrazinamide (RHZ) is 'n tablet wat maklik in water oplos.

**E** (400MG)

Ethambutol is 'n tablet wat jy kan fynmaak en met water meng.

## * NOTA

### KAN JOU KIND TABLETTE SLUK?

Leer jou kind om tablette heel of in helftes te sluk. As jou kind nie kan tablette kan sluk nie, druk dit fyn en meng met water.

Jy moet albei die medisynes voorberei en albei medisynes elke dag vir jou kind gee (selfs oor naweke!). Na 2 maande sal jou kind se medikasie verander. Jou kind sal die medisyne vir 'n totaal van 4 tot 6 maande gebruik.

MAANDE 2 → MAANDE 4 TOT 6

* Gee die medikasie op 'n leë maag as dit moontlik is, maar dit kan saam met kos ook geneem word.

## STEP 1

**JOU VERPLEEG-STER SAL JOU KIND SE GEWIG KYK**





## STEP 2

**JOU KIND SE GEWIG SAL TEEN DIE DOSISGIDS GEKYK WORD**

health
Department: Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Gates Foundation
TB THINKTANK
2030 NDP

# TB-MEDIKASIE VIR KINDERS:

## HOE OM DIT FYN TE MAAK, TE MENG EN TOE TE DIEN





## ETHAMBUTOL
(400mg)

Maak gereed!
Jy sal nodig hê:


- 1 spuit (om te meet)
- 2 skoon lepels
- skoon water
- 1 ethambutol-tablet 400 mg

1. **Druk die tablet fyn**
Plaas 1 tablet in 'n lepel. Druk dit fyn met 'n ander lepel totdat dit poeier is.








2. **Voeg water by**
Gebruik 'n spuit om 8 ml water te meet. Voeg dit by die glas.




3. **Meng goed**
Roer die fyngemaakte tablet en die water.



4. **Meet die regte dosis**
Gebruik die spuit om die hoeveelheid volgens jou kind se kaart op te trek.




5. Dien die medisyne toe met die spuit.



6. Gooi enige oorblywende mengsel weg.

## RHZ
(75/50/150)

Meng RHZ in 5-10ml water (Die tablette meng maklike in die water)




* Los in water op; gooi enige medisyne wat oorbly weg ná toediening.

## ONTHOU

- Gee die medisyne elke dag op dieselfde tyd.
- Was altyd hande en eetgerei.




- Na 2 maande sal die verpleegkundige vir jou ander behandeling gee om die 4-tot-6-maande behandeling te voltooi.

health
Department: Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Gates Foundation
TB THINKTANK
2030 NDP

STEP 3

# VOLG DIE DOSERING-SKAART

# TB-MEDIKASIE VIR KINDERS:

## VERSORGERS: GEBRUIK HIERDIE GIDS OM JOU KIND SE DOSIS TE VOORBEREI

| | RHZ (75/50/150) | ETHAMBUTOL (400MG) |
|---|---|---|
| Medikasie | Slik heel in OF los die tablet in water op. | Sluk heel in OF fyngemaal en gemeng in 8 ml water. |
| Kind se gewig | Vir kinders minder as 2 kg, praat asseblief met 'n kenner. | |
| 2 – 2.9 kg | Meng ½ tablet in 5 ml water. | Gebruik slegs 1ml uit jou 8ml mengsel. Gooi die res weg. |
| 3 – 3.9 kg | Meng die tablet in 4ml water. Gee slegs 3ml. Gooi die res weg. | Gebruik slegs 1,5ml uit jou 8ml mengsel. Gooi die res weg. |
| 4 – 7.9 kg | Meng 1 tablet in 5ml water. | Gebruik slegs 2,5ml uit jou 8ml mengsel. Gooi die res weg. |
| 8 – 11.9 kg | Gee 2 tablette vir jou kind om te sluk OF meng in 10 ml water. | Gee ½ tablet om te sluk OF gebruik net 4ml uit die 8ml mengsel. Gooi die res weg. |
| 12 – 15.9 kg | Gee 3 tablette om te sluk OF meng in 10 ml water. | Gebruik slegs 6ml uit jou 8ml mengsel. Gooi die res weg. |
| 16 – 24.9 kg | Gee 4 tablette om te sluk OF meng in 10 ml water. | Gee 1 tablet om te sluk OF gebruik al 8ml van jou mengsel. |

| | |
|---|---|
| Vir kinders swaarder as 25 kg | RHZE — Dit is één tablet met al vier middels. Sluk die tablette heel met water. Volg die doseringsgids hieronder. |
| 25 – 29.9 kg | 2 tablette |
| 30 – 34.9 kg | 3 tablette |
| 35 – 64.9 kg | 4 tablette |
| 65 kg en swaarder | 5 tablette |

health
Department: Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Gates Foundation

TB THINKTANK

2030 NDP